Geskryf deur André Strydom
Maandag, 02 Februarie 2009 22:58 -

KwaZulu-Natal sinodesitting 2008

As Natal se verteenwoordiger by die Seisoen van Luister was ek deel van die Ontwerpspan van die Natal Sinode se sitting in 2008. My opdrag was om die Liturgiese momente te beplan. Ek het twee ander dominees betrek om my te help. Ons het sekere vaste geleenthede tydens die sitting gehad maar ook ‘n vry gehand om ter enige tyd tydens die sitting in te kom met ‘n moment.

Die Ontwerpspan het ook ingestem dat ek Prof. Malan Nel kon laat kom om ook betrokke te wees. Ons het die kans gebruik om, soos die Here op ons hart druk, in te kom met ‘n moment, veral tydens netelige kwessies.

Die Luistersiklus is telkens as basis gebruik. Die terugvoer aan die einde van die sinodesitting was oorweldigend positief. Baie lede van die vergadering het getuig dat die liturgiese momente vir hulle die hoogtepunt was en dat hulle dit baie positief beleef het. Die getuienis was dat dit ‘n bepaalde diepgang aan die sinodesitting verleen het. Ons loof die Here vir ‘n besonderse sinodesitting.